# Eldo-Gespreksgids

## Joh. 3:1-3

Tydens hierdie Lydingstyd, kyk ons bietjie na Johannes en sy uitbeelding van Jesus. En Sondag het ons stilgestaan by Johannes 3 waar Jesus met Nikodemus in gesprek tree. En in hierdie gesprek probeer Jesus aan Nikodemus verduidelik wie Hy is. En die essensie van dit wat Hy aan hom probeer sê, staan in vers 3: “As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Maar wat beteken hierdie woorde nou eintlik? Eerstens sien ons hoe Jesus praat oor geboorte. En Jesus gebruik die idee van geboorte, want dit verwys hier na die doop. Nou in daardie tyd as iemand nuut tot Judaïsme is, of nuut ‘n Jood geword het, was hulle gedoop as teken dat hulle nou ook Jode is. En die nie-Jode wat dan deur die doop Jode geword het, was dan gesien as “nuut gebore” juis omdat hulle nuut deel geword van die Joodse geloof. So daarom as Jesus praat van geboorte verwys hy na die doop waar mens tot geloof **bekeer** het. *MAAR* Jesus noem, en dit is die tweede punt, dat hierdie “nuwe geboorte” nie ‘n bekering na die Joodse geloof is nie, maar liewers ‘n bekering van bo. Nou in die antieke wêreld het hulle geglo dat die gode in die hemele bly bo die wolke en sterre. Daarom wanneer daar gepraat word van bo, word hierdie rigtingaanwyser ‘n subtiele aanduiding van hierdie sfeer: “bo” wat verwys na die hemel, of die plek waar God woon. Maar in hierdie geval van



Johannes, sal “bo” nie net verwys na die plek waar God woon nie, maar **God** self. So as mens hierdie twee konsepte van “gebore” en “bo” dan bymekaar sit, bedoel Jesus eintlik **“bekering na God”** toe. Dit is om werklik te verstaan dat Jesus die een is wat deur God gestuur is om die mens te verlos. So Nikodemus slaan die spyker op die kop as hy vra of die tekens wat Jesus doen beteken dat hy deur God gestuur is. Hierdie tekens is vir die mens om te bekeer na Hom toe en so die koninkryk in te tree en daaraan deel te neem.

En hier is die derde aspek van Jesus se antwoord wat ons bietjie by moet stilstaan: die koninkryk. Nou ons het vandag die idee dat die koninkryk van God net na die hemel verwys, maar dit is meer as net dit. God se koninkryk is **die sfeer waar sy liefde ten volle uitgeleef en gevoel kan word**. Waar die mens ‘n lewendige verhouding met God het. Waar sy liefde ‘n ware werklikheid word en deur ander gevoel kan word, so dit kan die aarde ook insluit. M.a.w. op die aarde kan God se liefde ook ervaar en gevoel word. Die enigste probleem is, dit is net nie so duidelik as in die idilliese paradys van die hemel nie, want soos ons al goed weet, die wêreld rondom ons is nie altyd ‘n paradys nie. MAAR DIT IS DAAR! En dit bring ons dan weer terug na Jesus se woorde: “As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie” Of liewers “word gebore van bo dan sal jy God se koninkryk sien.” Of selfs nog verder: “**Bekeer julle na God toe dan sal jy sy liefde raaksien.**”

En hierdie frase is so belangrik vir ons vandag. Alhoewel daar seer in die wêreld is, moet ons nie daarin vas staar nie en dan so blind word vir God se liefde in die wêreld nie. Ons moet ons oë op God gerig hou. Ons moet probeer om vir God in die lewe raak te sien. Ons moet na God toe gaan, dan sal ons die paradys in die lewe raaksien. Ons moet God se liefde en grootheid besef dan sal ons gebore word van bo, en sal ons ook sy koninkryk kan intree. En om God se koninkryk in te tree is om daarin deel te neem en dit te versprei. Dit is om met ander God se liefde te deel sodat hulle oë vir Sy koninkryk ook kan oopgaan en besef dat Hy hier op aarde is. Dat Hy ook in hul lewe werk en saam met hulle is tussen deur die seer van die lewe.

## Gespreksvrae

1. Wat verstaan jy onder “word gebore van bo dan sal jy God se koninkryk sien”?
2. Wat in die lewe maak ons soms blind vir God se liefde, die liefde wat Hy vir die wêreld het?
3. Wat kan ons doen om aktief God se liefde in die wêreld te probeer raak sien?
4. Hoe kan ons ander wat ook geblind word deur die stres en seer van die wêreld, God se rustige warm liefde wys/laat raaksien?